

2 Junie 2011

Jaargang 4 – Uitgawe 17

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

VOORBLAD

Oor die dood... en lewe... en omgee

Dit is van elke mens waar: Die dood van 'n geliefde laat niks ongeraak nie. Die dood van 'n geliefde is ingrypend en werk in op elke faset van die agtergeblewenes se lewe. Materieel, emosioneel en op geestelike vlak word elkeen geraak.

Sommige beleef dit van ver af, en vir ander is dit baie nader. Dit reik en ruk tot die diepste bestaan van mense. En in tye van dood waardeur 'n mens weer die lewe, dink jy na oor jou eie lewe. Daar is ook omgee vir dié in nood, al weet ons ook nie altyd hoe om daardie omgee te wys nie. Vir die een wat in die lewe bly en die res van die familie, gaan die lewe voort. Ons simpatiseer en gaan aan, elkeen met sy en haar eie lewe.

In elke gemeente vind gereeld begrafnisse plaas. Jare lange staatmakers in die Kerk en die werk van die Here sterf en laat 'n leemte in die gemeente. Omgeegroep versorg dié wat agterbly met kos en ondersteun so ver moontlik. Geestelik word met erns omgesien na gesinne wat deur die dood getref is. Elkeen is tog deel van ons kerkfamilie, die medegelowiges. Soos ons na ons eie geliefdes in gesinsverband omsien, sien ons ook in gemeenteverband na mekaar om. Die lewe gaan voort, die kerkwerk gaan aan. Die Here voorsien weer sodat sy werk gedoen kan word.

Die afgelope dae is ons Kerk geraak en geruk deur die dood van drie predikante. Sonder om predikante se dood te wil uitsonder, lees 'n mens tog in Psalm 116: 15: *Vir die Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie.* Ja, elke gelowige is 'n dienaar van die Here. Die dood van elke dienaar van die Here is geen geringe saak nie. Maar wanneer die stem op die kansel stil word, wanneer die voetstappe van hulle wat die Woord van die Here bring nie meer gehoor word nie, kom daar by 'n mens die diepe besef: Die dood kom gryp en versteur die lewe. Die dood maak geen onderskeid nie. Wanneer die mens se dae op aarde verby is, is dit vir ewig verby. Na die dood van 'n dienaar van die Woord bly 'n gesin en familie agter. Hulle word vertroos en bemoedig en moet met die lewe aangaan. 'n Gemeente ontvang 'n nuwe dienaar van die Woord, en die Woord gaan sy gang.

Wat my laat wonder: Is óns omgee régte, deernisvolle omgee? Laat ons nog tyd daarvoor in ons gejaagde en besige lewe? Is die dood van 'n medegelowige in ons gemeente maar net 'n afkondiging wat ons hoor, maar eintlik bly ons ongeraak? Is daar by ons opregte empatie, selfs al weet ons nie regtig wat alles in dié wat verslae is se hart en gedagtes omgaan nie? Is ons omgee gevul met die liefde en deernis van 'n Geesvervulde lewe sodat ek weet om te praat nét wanneer dit nodig is en my tyd beskikbaar te stel juis wanneer dit nodig is?

Jesus Christus se dood het vir ons lewe gebring, en dit in oorfloed! God weet hoe om regtig te sorg: Na die hemelvaart van Jesus Christus stuur Hy die Heilige Gees, ons Trooster en Voorspraak. Mag ons ook, by die herdenking van die Hemelvaart van Jesus Christus, tegelyk die sorg van God ervaar: *Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.*

Ds Leon Geel

*** Hierdie week se e-Hervormer word 'n dag vroeër uitgestuur, omdat Donderdag Hemelvaart is en die Sinodale Kerkkantoor dan gesluit is.

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhk.co.za

Die Hervormer www.hervormer.co.za

e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html



BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Prop Lisa-Mari Swanepoel** na Sasolburg-Suid
- **Prop Maritza Botha** na Coligny (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Ds Werner Olivier** van Zimbabwe (deeltyds) na Eendracht

Vakante standplaas

- Aansoeke vir die vakante **deeltydse standplaas** van **Gemeente Onverwacht** word ingewag. Onverwacht is 'n groeiende plattelandse gemeente in die Bosveld, met 'n sterk industriële gemeenskap. Daar word heelwat uitbreidings verwag met die nuwe kragstasie wat in aanbou is. Onverwacht is deel van die ring van Potgietersrus.

Die gemeente het in Februarie 2011 uit ± 650 lidmate (406 belydende lidmate) bestaan. Die gemeente is ingedeel in 37 wyke met ongeveer 200 besoekpunte. Oor die algemeen is die kerkbesoek met eredienste goed en die Kinderkerk word ook goed bygewoon. Betrokkenheid by ander gemeentelike aktiwiteite soos die karnaval en ander fondsinsamelings is redelik. Finansiële is die gemeente selfversorgend. Naas die standplaas met deeltydse versorging word die gemeente tans deur ds Coenraad Strydom in die voltydse standplaas bedien.

Naas Woordverkondiging – 1 erediens per maand – en bediening van die sakramente, moet die kandidaat ook betrokke wees by die Kinderkerk, laerskooljeug, bejaardebediening en die Kerk se diensgroepe. Werkverdeling tussen die predikante in die gemeente geskied volgens 'n bedieningsplan wat jaarliks deur die ouderlingevergadering opgestel word.

'n Mededingende vergoedingspakket sal onderhandel word. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **18 Junie 2011**. Vir die voorgeskrewe aansoekvorm en ander inligting, kontak Hanlie Thirion (kerkkantoor) voor 13:00 by 014 763 4944 of per e-pos by admin@onverwachtgemeente.co.za, of ds Coenraad Strydom by 084 506 1917, 014 763 2595 of coenstrydom@lantic.net.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Die begrafnis van **dr Johan Steenkamp** het op Vrydag 27 Mei plaasgevind. Die roudiens was in Gemeente Montana-Oos (voorheen Poort), waar dr Steenkamp 27 jaar lank predikant was voordat hy in Maart vanjaar geëmeriteer het. Die diens is gelei deur dr Hendrik Breytenbach, voormalige predikant van die Hervormde Kerk. Ons bid dr Steenkamp se vrou, Ina, sy seuns, ds Jaap, Koos en Herbert, en die res van die familie opnuut die Heer se troos toe.
- Gemeente Windhoek word in die besonder bedank vir hul hulp en bystand aan mev Karien Viljoen – hulle het gesorg vir huisvesting vir Karien en die familie tydens **ds Arnold Viljoen** se siekbed en afsterwe. Die NHSV van Windhoek word bedank vir etes en verversings wat deurgaans en na afloop van die roudiens



Prop Lisa-Mari
Swanepoel



Prop Maritza Botha



Ds Werner Olivier

voorsien is. Ds Viljoen was sedert 2007 predikant van die Tsumeb/Grootfontein-kombinasie. Hy was 'n onontbeerlike lid van die Ringskommis­sie van die ring van Dorsland. Twee verdere roudienste gelei deur ds Hans Britz sal gehou word – op Woensdag 1 Junie 'n diens vir die gemeenskap van Tsumeb in die NG Kerk om 18:00, en op Donderdag 2 Junie 'n gekombineerde Hemelvaart-/roudiens vanuit die Hervormde gemeente Grootfontein om 10:00. Almal word van harte bedank vir hul ondersteuning, donasies, gebede en hulp aan Karien en hul dogter Arlinka. Sy heengaan word diep betreur deur die ring van Dorsland.

- 'n **Gedenkbundel** ter viering van **prof Ben Engelbrecht** se 60 jaar as predikant van die Hervormde Kerk is pas deur die Kerk se Kerkhistoriese Genootskap uitgegee, onder redakteurskap van dr Christo Pretorius en ds Rudi Schoeman. Dit bevat 19 ongepubliseerde tekste van prof Ben, onder meer oor kennis en geloof, die plek van die Twaalf Artikels, die Tien Gebooie en die Ons Vader-gebed in 'n Protestantse erediens, en die Nuwe Hervormers ± 150 jaar gelede in Nederland. Prof Ben se preek tydens sy ampsjubileum in die kerkgebou van Gemeente Pretoria op 5 Desember verlede jaar is ook daarin opgeneem. Die boek kan teen R60 per eksemplaar gekoop word in die SENTIK-boekwinkel.

- **Die volgende predikante verjaar tot 10 Junie**, en word hartlik geluk gewens.

- o Saterdag 4 Junie: Ds Thomas Joubert (Swellendam)
- o Sondag 5 Junie: Dr Hans Dreyer (emeritus) en ds Frikkie van Wyk (Newcastle)
- o Maandag 6 Junie: Prof Andries Breytenbach (emeritus) en ds Herman Jansen van Rensburg (siekte-emeritaat)
- o Dinsdag 7 Junie: Di Leon Nell (emeritus) en Johnny Young (Rustenburg-Tuine)
- o Woensdag 8 Junie: Ds Willem Breytenbach (Hazyview/Sabie)
- o Donderdag 9 Junie: Ds Kotie Mc Donald (beroepafwag­­tend)

- Die formele oproep tot die **buitengewone sitting van die 69ste AKV** op 4 en 5 Oktober 2011 kan eers geskied nadat die Kommissie van die AKV by sy vergadering op 9 en 10 Junie die agenda vasgestel het. Volledige inligting sal aan kerkrade gestuur word oor afgevaardigdes wat kan sitting neem. Hou dus asseblief u navrae terug totdat u die oproep ontvang het.
- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)** van **7 en 8 Junie** vind **nie meer by Gemeente Villieria plaas nie maar wel by Gemeente Wapadrant**. Kontak mev Betsie Brits by 012 420 5393 of betsie.brits@up.ac.za vir meer inligting.
- **Preekbeurte in Dullstroom**. Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by [nhkdullstroom@yahoo.com](mailto:nhk dullstroom@yahoo.com) of 072 116 3353.
- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **blyplek in Eloffsdal**, Pretoria: Huis Eloff (alle ouderdomme). Ruim nuut uitgeverfde kamers met gesamentlike badkamer in gang teen R1 500 per maand vir enkeling. Ingesluit: water en ligte, parkering, gesamentlike kombuis. Naby Mayville Mall en Eugene Marais-hospitaal. Kontak Johan Erickson (jr) by 082 212 2137.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Donderdag 2 Junie: Hemelvaart: Aanderediens 18:30**
Gemeente Wonderboompoort; hv Mansfieldlaan en Eloffstraat, Eloffsdal
Kom in informele werksklere of gemaklike warm klere
Sop en broodjies in die saal na die diens



Toere

- **28 Junie tot 12 Julie: Griekeland (hoofland) en Turkye**
Geniet 3-dae-bootvaart na Griekse eilande
Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of larry@newtestament.co.za
- **25 Julie tot 3 Augustus: Amanzimtoti**
Gemeente Noordwestelike Pretoria se Goue Oues
R2 400 per persoon (2 etes per dag)
Beperkte plekke beskikbaar
Kontak Sarel Benadé by 012 379 8740 of 082 838 0042
- **26 tot 30 September: 2011 Konteks-toer na Laeveld**
Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konserte tot einde Junie 2011

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 Junie: Gemeente Van der Hoff (Groblersdal)**
Die vallei het talent
Vrydagaand uitdunne en Saterdagoggend finaal
Kerkterrein, Voortrekkerweg, Groblersdal
Toegang gratis – genoeg te eet en drink!
Kontak Kobus Ehlers by 082 692 9809
- **Vrydag 10 Junie 2011 om 19:00: Gemeente Theresapark**
Sop en sjerrie met die *Grafsteensangers*
Laerskool Danie Malan, Jan van Riebeeckstraat, Pretoria-Noord
R100 per volwassene, hoërskoolkinders R50
Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 542 3568 of 073 099 3699

Sportbyeenkomste tot einde Junie 2011

- **Saterdag 25 Junie: Gemeente Naboomspruit: Gholfdag**
Naboomspruit-gholfklub
Borgskap vir bowwe R1 000
Borge vir pryse en verversings welkom
Inskrywings per speler R150
Aandetes vir spelers en hul gades
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 014 743 1325
of Karin Prinsloo by 082 486 8219

Ander kompetisies en fondsinsamelings tot einde Junie 2011

- **Gemeente Bergsig: Wen naweek by Mount Amanzi Game Lodge**
Vraag: *Hoe ver vanaf Naboomspruit is die Lodge geleë?*
Mount Amanzi Game Lodge is 22 km wes van Naboomspruit en 175 km noord van Pretoria
Daar is 15 selfbediening-chalets, 'n trouvenue, swembaddens, ens
R20 per inskrywing
Sluitingsdatum 11 Junie
Kontak Marie by 082 402 4170
- **Gemeente Laeveld: Jagkompetisie**
1ste prys: buffelkoei (volbordpakket – alle kos en drank, voertuie, akkommodasie vir 5 nagte, afslag ingesluit)

2de prys: leeuwyfie (volbordpakket soos hierbo)
3de prys: elandkoei (akkommodasie vir 6 persone vir 2 nagte)
R50 per kaartjie (koop 10 en kry 1 kaartjie gratis)
Sluitingsdatum 26 Junie
Kontak ds Gerhard Viviers by 073 900 9190 of 015 309 9580

Basaars en markte tot einde Junie 2011

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 Junie: Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester: Basaar**
Die wilde weste kom Klerksdorp toe!
Hulle laat Ouma se plaaskombuis herleef
Geniet allerhande tuisgebak maar veral hul grootmaat pap en kaiings
Môrester se pap en kaiings is tydens Aardklop 2003 bekendgestel!
Vlooiemarkstalletjies, hope pret en vermaak, speletjies en tombola
Kontak ds Stephan Botha by 018 462 9437
- **Saterdag 4 Junie: Groot Marico Safarikarnaval**
Organies voorbereide vleis teen groothandelpryse
Baie kos en handwerkstalletjies
Koop kaartjie vir R100 en wen dalk 'n 1984 Porsche 944
Van 09:00 tot laat sang van Riaan Grobler, Ruan de Waal, Chrizaan, Ursula, Marula Boom, Lee Scott, Jomari en Armand Hofmeyr
Toegang gratis
Kontak ds Willem Sauer by 079 699 1237
Besoek www.maricosafarikarnaval.co.za
- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
Met Kurt Darren
Kompetisie R100 per kaartjie
Wen 7-voet Venter-waentjie; dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie;
patio-gasbraaier; Sony Playstation 3; of potspeltafel
Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367
of ds Joseph Steyn by 084 502 4829
- **Saterdag 4 Junie: Gemeente Wesmoot: Karnaval**
By Makro Wonderboom
Uitstillings van karre, promosies, narre, kunstenaars en springkastele
Nasionale armdrukkompetisie links en regs (R50 inskrywingsfooie per arm)
Wen met R20
1ste prys: Koedoe wat jy self kan skiet of laat skiet
2de prys: Rooibok
3de prys: Vleispak van R319
Kontak Marie Swanepoel by 012 379 7898 of 012 379 1955

ANDER NUUS

- Die tweejarige **Jurgens Bosch** is op Woensdag 25 Mei geopereer om die katarakte van sy oë te verwyder. Die operasie is moontlik gemaak danksy dokters wat die familie tegemoetgekom het met hul fooie, en danksy ruim bydraes van welwillende mense en gemeentes wat onder meer op die versoek in die *e-Hervormer* gereageer het. **Die operasie was suksesvol**, en die spesialis was Maandag tydens 'n opvolgbesoek baie tevrede met Jurgens se vordering. Jurgens het na die operasie saam met sy ma buite gestap en vir haar gesê: *Ma, kyk die dak is blou!* toe hy na die blou hemel verwys. Hy loop al heelwat beter sonder om die hele tyd op sy voete te kyk, hy kyk TV en prente. Jurgens moet die spesialis weer oor 'n maand sien sodat toetse gedoen kan word om te bepaal hoe sy oë fokus, en sodat 'n eerste bril vir hom gemaak kan word. Aan almal wat gehelp het – baie, baie dankiel!



Jurgens Bosch

- **Die Ondersteuningsraad** beskik vanaf 1 Julie 2011 oor die volgende **vakatures**:

- Programbestuurder; minimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal 'n aanwinst wees; area Vanderbijlpark/Heidelberg/Krugersdorp
- Maatskaplike Werker; area Tarlton/Krugersdorp
- Maatskaplike Werker; area Vanderbijlpark
- Maatskaplike Hulpwerker; area Krugersdorp (onmiddellik beskikbaar)

Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoep; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by mariaans@nhk.co.za of Charmaine Fourie by oraadpb@nhk.co.za, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **Ons Tuis en Monumenttehuise (tehuise vir bejaardes)** beskik oor 'n **vakature** vir 'n **geregistreerde Maatskaplike Werker** (5/8-pos).

Vereistes: Graad of diploma in Maatskaplike Werk; bewys van registrasie by SA Raad vir Maatskaplike Diens; geldige kode 08-bestuurslisensie; minstens 2 jaar ondervinding in maatskaplike werk, verkieslik met bejaarde persone.

Addisionele vereistes: Vermoë om goeie verhouding met inwoners van tehuise op te bou, probleemareas te identifiseer, en nodige terapie daar te stel vir verligting van probleme; rekenaarvaardigheid; goeie administratiewe vaardigheid; belangstelling in personeelopleiding.

Stuur CV aan: Die Bestuurder, Posbus 30104, Wonderboompoort 0033; faks 012 323 2127; e-pos: hf@otmt.org. **Sluitingsdatum 6 Junie 2011.**

- Die **Almanak/Bybelse Dagboek van 2011** is nou beskikbaar teen **R50** per eksemplaar – dus halfprys! Bestel van mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of sentik@nhk.co.za. Posgeld sal bygevoeg word.
- Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het so pas die e-boekmark betree met die beskikbaarstelling van **e-Bybels**. Digitale ontwikkeling die afgelope jare het daartoe gelei dat e-boeke reeds vir miljoene mense in die wêreld hul eerste keuse is om boeke te lees en inligting te stoor. Hierdie neiging neem ook in Suid-Afrika toe. Al hoe meer Suid-Afrikaners besit nou rekenaars en toestelle waarmee hulle e-boeke kan lees.

Die e-Bybel is 'n elektroniese weergawe van die bestaande gedrukte Bybel. Die Bybelgenootskap se Bybels is in die sogenaamde epub-formaat en kan op 'n rekenaar of enige ander toestel wat dié formaat kan hanteer, afgelaai word. E-Bybels in **sewe Suid-Afrikaanse tale**, Afrikaans, Noord-Sotho, Suid-Sotho, Tsonga, Tswana, Xhosa en Zulu, kan tans by www.kalahari.net afgelaai word. Dit kos R68,95 per eksemplaar.

- **Saterdag 11 Junie 08:30 tot 13:00: Seminaar**
Mission shaped church
NG Kerk Kameeldrift, Pretoria
Biskop Graham Cray, drr Marius Nel en Willem Pretorius
R50
Bespreek **voor 6 Junie** by willem.pretorius@kameeldrif.ng.org.za
of lesego.temane@up.ac.za
Navrae aan prof Nelus Niemandt by 082 451 1670
of dr Willem Pretorius by 083 560 6668



- **Sondag 19 Junie: Nasionale Biddag vir Blindes**
Bid asseblief vir al ons blinde lidmate en die ondersteunende organisasies
- Die **volgende vergaderings** vind tot 10 Junie plaas. Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
 - Maandag 6 Junie: Raad vir Pastoraat en Presbiteraat
 - Dinsdag 7 Junie: Direksie van Die Ondersteuningsraad
 - Donderdag 9 Junie: Kommissie van die AKV
 - Vrydag 10 Junie: Kommissie van die AKV

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan produksie@nhk.co.za. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by www.nhk.co.za gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Dankie vir ’n goeie nuusbrief.

Hoekom word eggenote van leraars nie by die naam genoem nie? In die uitgawe van 26 Mei: ... *ds en mev Hans Britz het ds Viljoen se vrou, Karien, die afgelope tyd getrou bygestaan...* As mev Ina Britz haar man gehelp het om daardie gesin by te staan in tragiese tye, is dit tog gepas om haar naam ook te noem? Nou moet ons eers die *Almanak* raadpleeg.

Meeste *pastoriemoeders* het deesdae hul eie beroepe. Hulle verdien meer erkenning vir die geweldige taak wat hulle stil-stil doen.”

Koos Myburg, Reitz

“Oor die uitspraak van dr Jacobson insake die Kerkwapen: Geen simbool kan in isolasie funksioneer nie. Dat die Hervormde Kerk Staatskerk was, is ’n ongekwalifiseerde stelling wat deur ’n vlugtige lees van die kerkgeskiedenis uitgewys word. Ds Dirk van der Hoff het dit so verwoord: *die Kerk... kan of mag nooit of te nimmer toelaten eenige inmenging van de zijde der politiek en de kerklijke aangelegen heden. De politiek hare plaats is buiten de Kerk...* Die Kerk word nie aan die Staat ondergeskik gestel nie, en die Staat nie aan die Kerk nie.” (Verkort)

Dr Christo Pretorius

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente uitgebreide inligting oor ’n projek wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing**: u naam + **e-Hervormer Ads**. Kontak mev Oppermann vir meer inligting.



Sonja Smith
BEGRAFNISGROEP
(0845) 896 247
300 564 454/300 7

“’n Sagte hand
in die seerste tyd...”

079 895 4414 24/7
www.sonjasmith-funerals.co.za

AGTERBLAD

Nuwe Bybelstudiegids beskikbaar

Dr Gert Malan se boek *Briewe van Johannes*, 'n Bybelstudie vir groepe en individue, verskyn binne die volgende dae by SENTIK.

Hierdie is die tweede Bybelstudie in dr Malan se reeks *Om die Bybel (beter) te verstaan*. Die eerste het oor die Ons Vader-gebed gehandel.

Elke hoofstuk word ingelei met vrae ter opheldering van die teks onder bespreking. Die verduideliking wat daarna gegee word, dra by tot beter begrip van wat die teks se bedoeling is. Die tweede stel vrae maak die toepassing nog meer prakties en konkreet. Die leser word uitgedaag met die teks in die eie lewe. Ruim voorsiening word gemaak vir introspeksie ten opsigte van die gemeentelike lewe asook die lewe van die gelowige. Die insluiting van modelantwoorde aan die einde van die boek maak die Bybelstudie effektief vir die individuele gebruiker.

Hierdie Bybelstudie sal vir individue en groepe tot voordeel wees. Die teks kom in sy eintlike betekenis tot sy reg en die praktiese inkleding daarvan by elke les sal gesprek stimuleer en persoonlike verdieping in die geloof bewerk.

***** Hierdie nuwe Bybelstudiegids kan teen R30 per eksemplaar (posgeld uitgesluit) van mev Susann van Zyl van SENTIK se boekwinkel bestel word. Kontak haar by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of per e-pos by sentik@nhk.co.za.**



Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrieff beskikbaar, wat vandeeweek 226 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by www.hervormer.co.za, of stuur 'n versoek na karen@nhk.co.za om dit weekliks te ontvang.